UNIVERSITEIT · iYUNIVESITHI · STELLENBOSCH · UNIVERSITY

100
1918 · 2018

*11 Januarie 2018*

Beste voornemende Stellenbosch Student

***REGISTRASIE, STUDENTEGELDE EN FINANSIËLE BYSTAND***

Ons sien daarna uit dat jy binnekort deel word van die Universiteit Stellenbosch (US)-gemeenskap! Vanjaar is ’n baie spesiale jaar waarin die Universiteit sy eeufees herdenk.

Die kampusbedrywighede vir 2018 sal spoedig goed op dreef wees. Die eerste paar dae op kampus kan ’n dol tyd wees en ek moedig jou aan om kennis te neem van die belangrike inligting hieronder.

Die **verwelkomingsgeleentheid** vir nuwelinge en hulle ouers vind op Donderdag 25 Januarie (18:00) in die Danie Craven-stadion op Coetzenburg plaas. Inligting hieroor is beskikbaar by www.sun.ac.za/welkom. Die elektroniese weergawe van die *Gids vir Nuwelinge 2018* is hier beskikbaar. Eerstejaars sal ’n gedrukte weergawe van die volledige verwelkomingsprogram met hulle aankoms op kampus ontvang.

Alle aansoekers kan nou hul toelatingstatus by www.mymaties.com besigtig en suksesvolle kandidate kan vanaf 12 Januarie 2018 aanlyn registreer (besonderhede onder).

Sedert verlede jaar is daar heelwat in sommige media oor studentegelde en registrasie berig. Ons wil graag sekere spesifieke kwessies uitlig om jou beter op hoogte te bring oor die administratiewe en finansiële ondersteuning wat beskikbaar is, asook die gepaardgaande prosesse.

**Presidensiële Verklaring – gratis hoër onderwys vir arm en werkersklasstudente**

In opvolging van die Presidensiële Verklaring oor “ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas Suid-Afrikaners” beginnende in 2018, is die definisie van arm en werkersklasstudente uitgebrei na studente uit Suid-Afrikaanse huishoudings met ’n gesamentlike jaarlikse inkomste van tot R350 000 in die 2018 akademiese jaar, wat die eerste keer aan ’n openbare universiteit inskryf.

Die Verklaring het aanleiding gegee tot die stigting van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Beursskema vir arm en werkersklasstudente ten einde hulle in staat te stel om aan ’n openbare universiteit te kan studeer.

NSFAS (die Nasionale Finansiële Ondersteuningskema vir Studente) is tans deurlopend in gesprek met die DHOO en Universiteite Suid-Afrika (USAf) oor die impak hiervan op die 2018 akademiese jaar met die doel om registrasieprosesse so glad moontlik te laat verloop. NSFAS sal die kapasiteit van sy Kontaksentrum uitbrei om groter volumes te akkommodeer en sal verteenwoordigers by universiteite plaas om appèlle te hanteer.

- **Studente wat in 2018 vir die eerste keer aan ’n hoër onderwysinstelling studeer (die sg “first-time entering (FTEN)” studente) en ’n voorlopige NSFAS-befondsingsaanbod vir 2018 ontvang het**, sal nou vir die DHOO-beursskema kwalifiseer, en kan registreer sonder dat hulle die verpligte eerste paaiement van hul klasgelde hoef te betaal**.**



Registrateursafdeling | iCandelo leRejistra | Registrar’s Division
Privaat Sak X1, Private Bag X1, Matieland, 7602
Tel/Ifoni: +27 21 808 9111 | Faks/Fax/Ifeksi: +27 21 808 3822 | www.sun.ac.za

- **Studente aan wie studiebeurse deur ander befondsers toegeken is en wat voldoen aan die kriteria van die DHOO-beurskema, sal nie vir volle beurse van die DHOO kwalifiseer nie.** NSFAS sal slegs finansiële hulp aan dié studente op ŉ 'aanvullings'-basis goedkeur indien hulle nie ten volle deur hul studiebeurs befonds word nie. NSFAS sal met universiteite saamwerk om te verseker dat daar geen duplisering van befondsing (oftewel "double dipping") plaasvind nie.
- Let daarop dat NSFAS nie hul aansoekstelsel gaan oopmaak vir studente wat nie die sperdatum vir aansoeke van 30 November 2017 gehaal het nie. NSFAS besef egter dat daar **matrikulante is wat vir eerstejaarstudie toegelaat is, maar nie by NSFAS aansoek gedoen het nie** en wie se huishoudings ŉ gesamentlike bruto-inkomste van R350 000 of minder per jaar het. Die Universiteit sal NSFAS bystaan om studente te identifiseer wat hulp nodig het, deur goedkeuring vir NSFAS te bekom om identiteitsdokumente by die Departement van Binnelandse Sake te laat verifieer, en inligting oor inkomste by derde party-bronne te verkry. Die betrokke toestemmingsvorm van NSFAS is hier beskikbaar.
- Indien jy tot die US toegelaat is en jou huishouding se gesamentlike bruto-inkomste is R350 000 of minder per jaar, maar jy het nog nie by NSFAS aansoek gedoen nie, voltooi asseblief die toestemmingsvorm, en stuur dit saam met die nodige ondersteunende dokumente na info@sun.ac.za of lewer dit in harde kopie-formaat by die Sentrum vir Beurse en Lenings, Admin A op die Stellenbosch-kampus in, of by die Beurse en Leningskantoor, Kamer 1043 in die Kliniese-gebou op die Tygerberg-kampus, nie later nie as 15 Februarie 2018. Die US sal dan die aansoek-inligting aan NSFAS deurgee.
- **Vrae en antwoorde ("frequently asked questions")** oor die DHOO se Beursskema vir arm en werkersklasstudente in openbare hoër onderwysinstellings, soos deur die DHOO gepubliseer, is hier beskikbaar.
- **Navrae** oor die Presidensiële Verklaring oor gratis hoër onderwys kan gerig word aan info@sun.ac.za.

**Oorbruggingsbefondsing van die DHOO in 2018**

- Eerstejaarstudente uit gesinne met ŉ bruto-inkomste van meer as R350 000 tot en met R600 000 per jaar – die sogenaamde "missing middle" – sal vir die 8% oorbruggingsbefondsing (die sogenaamde "gap funding") moet aansoek doen. Van dié studente sal steeds verwag word om by registrasie die verpligte eerste paaiement te betaal, maar hul studenterekeninge sal met 8% gekrediteer word indien hulle vir dié befondsing kwalifiseer, en sodra die staatsfondse aan die Universiteit oorbetaal is.
- Eerstejaars uit kwintiel 1, 2 en 3 skole (soos deur die Departement Basiese Onderwys bepaal), en diegene wat uit die DHOO-beursskema in 2018 befonds sal word, sal outomaties vir die Fooi-aanpassingstoelaag van 8% kwalifiseer en hoef dus nie aansoek te doen nie.
- Die DHOO-aansoekvorm vir oorbruggingsbefondsing is hier beskikbaar. Voltooide aansoekvorms, saam met ondersteunende dokumente, kan gestuur word aan gapfunding@sun.ac.za of, in harde kopie-formaat by die Sentrum vir Beurse en Lenings, Admin A op die Stellenbosch-kampus, of by die Beurse en Leningskantoor, Kamer 1043 in die Kliniese-gebou op die Tygerberg-kampus, ingedien word. Maak asseblief seker dat al die nodige dokumente jou aansoek om vergesel. Onvolledige aansoeke sal onnodige vertragings meebring.

**Registrasie aan US**

- Aansoekers kan nou hulle finale toelatingstatus by www.mymaties.com besigtig.
- Aanlyn-registrasie vir 2018 sal op Vrydag 12 Januarie open by my.sun.ac.za (**>>voorgraads >>administrasie >>e-Registrasie).** Studente wat op dié wyse registreer, sal lang rye vermy. Studente wat nie aanlyn kan registreer nie, sal deur ons administratiewe personeel op die datums soos vermeld in die *Gids vir Nuwelinge 2018* bygestaan word.
- Die Universiteit Stellenbosch sal nie enige instap-aansoeke kan verwerk nie, aangesien aansoeke om toelating reeds einde Junie 2017 gesluit het en ons ook ŉ toename in registrasies deur suksesvolle aansoekers voorsien, as gevolg van die nuwe befondsingsmoontlikhede wat tot hulle beskikking is. Matrikulante van 2017 wat nie deur die Universiteit Stellenbosch aanvaar is nie, of wat nie by enige universiteit aansoek gedoen het nie, maar graag vir hoër onderwys oorweeg wil word, moet hulle besonderhede aanlyn rig aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Sentrale Aansoekfasiliteit (CACH) by cach.dhet.gov.za

**Navrae**

Indien jy nog navrae oor finansiële ondersteuning en betalings het, nadat jy die webwerf (www.sun.ac.za) geraadpleeg het, is daar ook die volgende opsies beskikbaar:

- Algemene navrae: info@sun.ac.za of 021 808 9111
- NSFAS-verwante inligting is beskikbaar by www.nsfas.org.za
- Vrae en antwoorde oor die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Beursskema vir studente wat die eerste keer aan 'n hoër onderwysinstelling registreer, en NSFAS-befondsing vir studente wat hulle studies voortsit: Kliek hier.
- Navrae oor oorbruggingsbefondsing vir 2018: gapfunding@sun.ac.za
- Navrae oor finansiële ondersteuning: Inligtingskantoor in die Sentrum vir Beurse en Lenings in die Admin A-gebou op die Stellenbosch-kampus, of die Beurse en Leningskantoor, Kamer 1043 in die Kliniesegebou op die Tygerberg-kampus.
- Om reëlings te tref vir die afbetaling oor drie maande van die verpligte eerste paaiement van jou studentegelde vir 2018: studentaccounts@sun.ac.za of die Studentegeldekantoor in Admin A op die Stellenbosch-kampus, of die Studentegeldekantoor in die Kliniesegebou op die Tygerberg-kampus.
- Om by die DHOO se Sentrale Aansoekfasiliteit (CACH) uit te kom: cach.dhet.gov.za

Met beste wense vir 'n suksesvolle akademiese jaar!

Ronel Retief
Registrateur